# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (28/09)*

*Justin Chadwick (17 Julie 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG:**" A fanatic is one who can't change his mind and won't change the subject" Winston Churchill*

## GESERTIFISEERDE KWEKERYE

Meeste produsente sal vir jou sê dat die mees belangrike aspek van hul boerdery is om hul boorde met 'n gesonde, siektevrye en "tipe eg" gesertifiseerde sitrusboom te begin. Die Sitrusverbeteringskema (SVS) strewe juis daarna om vanaf " shoot tip grafting" deur die aktiwiteite van die Sitrus Grondvesblok (SGB) tot uiteindelik by die gesertifiseerde kwekerye (almal speel hul rol) daarin te versker dat die produsent dit kry wat hy van 'n gesertifiseerde boom verwag. Die proses om die SVS verpligtend (statutêr) te maak is frustrerend vir die wat daarby betrokke is maar sal voortgaan totdat dit in plek is – aangesien daar geen ruimte vir die inbringing van nuwe plae en siektes in suider-Afrika bestaan nie (ons het genoeg van ons eie – baie dankie!).

In 'n onlangse Snykant (86a van Julie 2009 – beskikbaar op die CGA se webtuiste), het Thys du Toit, die altyd getroue hoof van die SGB en Bestuurder van die SVS, die redes hoekom daar met gesertifiseerde bome van gesertifiseerde kwekerye begin moet word, uiteengesit. Hierdie kwekerye se kontak besonderhede is in die Snykant artikel beskikbaar (www.cga.co.za) – maar ek wil hul graag lys en produsente versoek om voortplantingsmateriaal slegs van hierdie kwekerye te bekom:

Apapanzi, Kirkwood; Casmar, Mooinooi; Sederburg Citrusdal, Simondium; Du Roi, Letsetele; Esselen, Malelane; B F Joubert, Kirkwood; H J Joubert, Montagu; Letsitele Kwekery, Letsitele; Mistkraal, Kirkwood; Ngwenya, Malelane; Oranjerivier, Kakamas; Paksaam, Patensie; Stargrow, Citrusdal; Sondagsrivier, Kirkwood; Tweeling, Kirkwood; Tulbagh Kwekery, Tulbagh; Vaalharts, Hartswater; Waterfall, Adelaide; Westfalia, Modjadjiskloof en Witkrans, Boshoek.

## ALGEMENE JAARVERGADERING (AGM)

Nog 'n jaar het verby gevlieg en die Raad en personeel van die CGA is besig om vir die jaar se AGM voor te berei. Onder die wakende oog van Gloria Weare is die Jaarverslag afgehandel en is besig om gedruk te word vir finale verspreiding. Alle produsente sal die verslag deur die pos ontvang en as jy nie 'n kopie kry nie, bel vir Gloria asseblief by 031 7652514 sodat ons jou kontak besonderhede kan opdateer.

Die Jaarlikse Finansiële State (AFS) is ook afgehandel. Die state is deur die Oudit Komitee (Flip Smit, Gerhard Uys en Antoine Rouillard) bestudeer en aanbeveel vir goedkeuring deur die CGA se Raad wat op hul beurt 'n geleentheid gegee is om dit te bestudeer alvorens dit na die lede versprei word. Die CGA AFS sal aan alle lede waarvan CGA epos adresse het, gestuur word. Die ander sal 'n brief ontvang met 'n kennisgewing van die AGM en Jaarverslag en die beskikbaarheid van die AFS en hul aan te beveel om CGA te kontak indien hul 'n kopie wil hê.

Die AGM self gaan by **Willow Park Konferensiesentrum om 17h00 op Dinsdag 18 Augustus 2009 plaasvind.** Alle produsente word uitgenooi om dit by te woon en die kennisgewing sal saam met die Jaarverslag gesirkuleer word. Willow Park is 15 minute vanaf O R Tambo Internationale Lughawe – pendelbussies is beskikbaar met vooraf reëlings. Sou jy enige verdere inligting in verband met die AGM, Jaarverslag of Jaarlikse Finansiële State benodig moenie huiwer om vir my of Gloria te bel nie.

## TONNAGE OFF TAR (ToT)

Die verskuiwing van vrag vanaf pad na spoor word gedryf deur die nodigheid om die opeenhoping op die paaie en in die hawe te verlig, die voordeel van die vermindering van koolstof-vrylatings en dat dit eindelik tot vermindering in kostes sal lei. Reeds hierdie jaar word vyf roetes vir die vervoer van sitrus na die hawens gebruik - Reefers vanaf Tzaneen na Durban (dit is die grootste volume),en die groot hoeveelhede vanaf Letsitele na Durban, Letsitele na Maputo, Sondagsrivier na PE en Hoedspruit na Maputo. Daar is ook ander roetes wat in die beplanningsfase is. Tot en met 3 Julie is meer as 12 000 palette (840 000 kartonne) met die spoor vervoer. As hierdie volume per pad vervoer sou word, sou dit 430 vragmotors benodig het. Daar word geskat dat die verskuiwing na die spoor 2/3 van die vrylatings van die trokke sal spaar.

Die wat by hierdie inisiatief betrokke is – gelei deur Sandra Baetsen met ongelooflike ondersteuning van Transnet Freight Rail (TFR) – veral Suria Singh en Elvin Harris, het uitstekende werk gedoen om die proses aan die gang te kry. Ek is egter seker hul sal saamstem dat dit nog net die punt van die ysberg is – daar is groot moontlikhede om meer sitrus volumes per spoor te beweeg. Mitchell Brooke (CGA Logistiek) werk nou saam met ToT om na die kostes te kyk wat by die verskeie alternatiewe betrokke is – sodat ons aan produsente betekenisvolle inligting kan verskaf wanneer hul op hul keuse van vervoer moet besluit.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Sal volgende week opgedateer word.

NS. Die Valencia Fokusgroep het hierdie week vergader en hul geprojekteerde uitvoeroes vanaf 43 miljoen kartonne tot 40,5 miljoen kartonne afwaarts hersien.

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**